# Die Tragedie en Hoop van Apartheid SA

## deur Dr. Mark R. Kreitzer

[Vertaal en verwerk deur Antoine Theron. Die oorspronklike artikel, getiteld: "*South African Tragedy Restored*" het in die *Contra Mundum* tydskrif, 1992 vol. 5, verskyn. Let daarop dat die artikel reeds voor die 1994-verkiesing, en dus nog voor die ANC-bewindsoorname, gepubliseer is.

Mark R. Kreitzer M. Divinity (Biola University, Talbot School of Theology), D. Missiology (Reformed Theological Seminary), Ph. D. in Intercultural Studies (Reformed Theological Seminary [in process]. Dr. Kreitzer se Ph.D. graad het gehandel oor: *Towards a Reformed Theory of Ethnicity: An Interdisciplinary Approach*. Dr. Kreitzer het aan die einde van die 1980's begin 1990's in SA gewoon, waar hy vir SERKOS (Sentrum vir Kontemporêre Studies) navorsing oor die verskillende sosio-politieke ideologiese magte in ons land. Hy het in die tyd wat hy hier gewoon het die Afrikaanse taal en kultuur aangeleer.]

## Inleiding

Die sogenaamde apartheidstelsel het geleidelik oor 'n tydperk van meer as 250 jaar ontstaan. Sedert 1948 is dit as 'n netwerk van wette en sosiale meganismes uitgebou waarvan die teorie grootliks deur gereformeerde denkers ontwikkel is. Dit was die strewe van sulke gereformeerdes om 'n Bybels verantwoordbare oplossing vir Suid-Afrika se ingewikkelde inter-etniese probleme uit te werk. Hierdie strewe het ongelukkig nie die vooroordele en kortsigtighede van die eie kultuur en 'n bepaalde skool van Nederlandse Calvinisme ontsnap nie - maar kan vandag se (polities korrekte) propaganda wat almal en alles wat met apartheid te doen gehad het, as sondaars en ketters en verdrukkers uitkryt, sonder gevaar gesluk word?

Al die veronderstellings en ideale wat die fondamente van apartheid uitgemaak het, word vandag sonder uitsondering uitgeruk en omgegooi. Maar hoe reg is die hedendaagse opvattings van sosiale geregtigheid wat weier om te erken dat enige waardevolle Bybelse insigte of hoegenaamd enigiets goeds uit drie eeue se Christelike beskawing aan die suidpunt van Afrika kon voorkom? Bybelse wysheid vra dat ons versigtig beide kante van 'n saak sal ondersoek voordat ons antwoord (Spr. 14:12, 15:28, 18:17).

Dit is die mening van die skrywer van hierdie artikel dat apartheid in menigte opsigte 'n Calvinistiese sosiale teorie was wat beslis nie sonder uitsondering sleg en rassisties was soos wat graag voorgehou word nie. Ongetwyfeld was daar, getoets aan die Skrif, veel in die beleid wat onregverdig, sondig en verkeerd was, maar die standaard waarmee ons meet, bepaal ons resultate; en wanneer apartheid aan Skriflig onderwerp word, lyk die beeld anders as onder die lig van die demokratiese dogma en die oppervlakkige maatstaf van humanisme. Ons kan nie tot behoorlike insig kom deur die onnadenkende herhaling van simplistiese politieke refreine nie. Selfs net die kompleksiteit van die onderwerp behoort ons van 'n haastige beoordelinge laat terugdeins.

[<u>*Opmerking*</u>*: Dit was byvoorbeeld 'n bedeling wat minstens tot die Suid-Afrikaanse regeringsverandering van 1948 teruggevoer kan word, dit het diep historiese wortels gehad wat loop deur twee wêreldoorloë en 'n rebellie, twee oorloë teen die Britse Ryk en 'n dosyn ander volkerebotsings, dit het deurentyd gekwyn en gegroei en verander van gedaante van jaar tot jaar en het verskillend gelyk van provinsie tot provinsie en stad tot stad, dit was tegelyk meer en minder as 'n politieke bestel en was 'n antwoord op 'n aantal nasionale en internasionale ekonomiese, demografiese, ideologiese en militêre werklikhede.* - vertaler]

In hierdie artikel sal oorsigtelik op die volgende gelet word:

1) 'n Kort beskrywing van die praktyk van "klein apartheid" of sosiale segregasie

2) 'n Beskrywing van die praktyk van residensiële apartheid in dorpe en stede en "groot apartheid" of die verdeling van die land in etniese tuislande.

3) Enkele opmerkings oor die visie van geografiese skeiding.

4) Enkele opmerkings oor die visie van apartheid in die breë, en

5) 'n Kykie na die redes vir die mislukking van apartheid.

**1. Die praktyk van "klein apartheid"**

"Klein apartheid" omvat die menigte burokratiese reëls en regulasies wat byvoorbeeld aparte busse, toilette, ontspanningsgeriewe en sportfasiliteite vir die verskillende rasse voorgeskryf het. Dit rym moeilik met die Bybelse beginsel van "gelyke beskerming deur die reg" wat ook in die Romeins-Hollandse Reg en Engelse gemenereg gevind word. Die universele beginsels van geregtigheid wat in elk van God se wette gevind word, leer dat: "Wat die vergadering aangaan, een en dieselfde insetting geld vir julle [d.w.s. burgers onderling verbind deur afkoms en verbondsgetrouheid] en vir die vreemdeling [d.w.s. verbondsgetroue nie-burgers, wat nie deur afkoms met die verbondsgroep verbind is nie] wat by julle vertoef. 'n Ewige insetting in julle geslagte is dit: soos julle, so moet die vreemdeling voor die aangesig van die Here wees. Een wet moet geld vir julle en vir die vreemdeling wat by julle vertoef" (Num. 15:15-16, vgl.15:29-30, Lev.24:22, Deut.1:16-17, Lev.19:15).

Deur hierdie sogenaamde "vreemdelingswette" verbied God die soort uitbuiting waarin Egipte homself onderskei het in sy onregverdige verslawing van die hele Israelitiese volk: "En as 'n vreemdeling by jou in julle land vertoef, mag julle hom nie verdruk nie. Die vreemdeling wat by julle vertoef, moet vir julle wees soos 'n kind van die land wat onder julle is. En jy moet hom liefhê soos jouself, want julle was vreemdelinge in Egipteland. Ek is die HERE jou God." (Lev. 19:33, vgl. Ex. 22:21, 23:9)

Verder wys die "vreemdelingswette" op die universele toepaslikheid van God se Wet op alle mense (vgl. Deut. 4:5-8). Wanneer etniese vreemdelinge in die land van die verbond kom woon het, was hulle verplig om God se wet te gehoorsaam net soos die burgers. God het juis die verbondsbrekende volke uit die land uitgeroei omdat hulle die gruwelike dinge gedoen het wat die wet verbied het. God vereis ook dat verbondsdissipline uitgeoefen sal word deur burgers van die verbond wat die standaarde van burgerskap oortree = ekskommunikasie in die kerk, en verwydering van burgerskap deur die burgerlike regering. Daarom moes verbondsonderhouers, beide getroue etniese vreemdelinge en bloedafstammende lede van die verbond,"... my insettinge en my verordeninge onderhou en niks van ai hierdie gruwels doen nie - die kind van die land of die vreemdeling wat onder julle vertoef. Want die mense van die land, wat voor julle gewees het, het al hierdie gruwels gedoen, en die land het onrein geword." God is 'n onpartydige en regverdige God, 'n beginsel wat telkens in beide Testamente herhaal word (vgl. NT. Hand. 10:34, Rom. 1:32-2:11, 3:9-24, 10:12, Ef.6.9, Jak.2:1-11).

Die Skrif leer dus dat daar een God en een Goddelike wet is. Alle individue en groepe staan ewe aanspreeklik teenoor die een Wet van God. (vgl. Rom. 2:1, 3:9-20, 23) Maar dit beteken nie dat alle onderskeid tussen groepe verkeerd is nie. Die moderne afsku aan enige vorm van diskriminasie, die idee van losse individue sonder groep of verband en van die mensdom as bestaande uit heeltemal gelyke individue met "individuele regte" sonder enige belangrike verskille het sy oorsprong in die Franse Revolusie eerder as in die Bybel. God onderskei en leer sy kinders om te onderskei of te "diskrimineer":

- Ons moet die Godgeskape natuurlike en morele onderskeidings in die wêreld raaksien en eerbiedig.
- Ons moet mense verskillend behandel volgens die verskillende rolle wat God vir verskillende groepe daargestel het en volgens die verskillende strafregtelike

standaarde wat God beveel het vir regte teenoor verkeerde optrede.

Dit is om hierdie rede dat God Christene beveel om te "diskrimineer" (d.w.s. onderskeid te maak) tussen hulle wat gehoorsaam lewe en die dronkaards, diewe, afgodedienaars, sodomiete, ensovoorts wat weier om hulle te bekeer. Verder vereis God 'n versigtig gedefinieerde diskriminasie tussen die manlike en vroulike groepe. Hy gebied verskillende rolle *in die* familie-, kerk- en burgerlike regerings *vir* die mans of die vroue wat die ander *nie* mag vernig nie. (1 Tim. 2:8-15, Ef. 5:21 e.v., Jes. 3:12). God beveel 'n onderskeid tussen die ouers en kinders as groepe, tussen jonges en oues, tussen uitverkorenes en verworpenes, tussen verbondsgehoorsame families en volke en families en volke wat vyandig lewe teenoor God se wet.

Om op etniese gronde te onderskei, is nie sonder meer verkeerd nie. Dit is interessant dat God, deur die apostel Paulus, selfs met 'n "diskriminerende etniese stereotipe" saamgestem het: "...Die Kretense is altyd leuenaars, ongediertes, lui buike. Hierdie getuienis is waar." Op grond hiervan moes Titus die Kretense se verkeerde optrede skerp teregwys. "Daarom moet jy hulle skerp bestraf, sodat hulle gesond in die geloof kan wees..." (Titus 1.12-13)

Antropoloë het lank reeds opgemerk dat lede van dieselfde volk en kultuur geneigd is om bepaalde eienskappe van karakter, houding en optrede te deel. Sulke gedeelde eienskappe kan positief of negatief wees, afhangende daarvan of dit met die norme van die Skrif ooreenkom. God laat in sy soewereine wysheid sekere volke toe om nasionale- of groepseienskappe te ontwikkel. Anders as wat die gelykheidsdrywers so onverbiddelik verkondig, is die enigste verskil tussen mense of volke nie hulle onderwysvlak en die geleenthede wat hulle in die lewe gehad het nie!

Ten opsigte van "klein apartheid" sien ons dat sosiale diskriminasie deur middel van wetgewing verkeerd is indien dit die regverdige juridiese raamwerk wat God se Woord daarstel, oortree. Sou dit verkeerd wees vir 'n moeder om na die toneel van 'n busongeluk te jaag en eers haar eie kinders te help voordat sy ook die ander versorg? Natuurlik nie. Net so is daar niks mee verkeerd om jou eie gesin of volk bo ander te verkies nie, mits die gebod om "die vreemdeling soos jouself' lief te hê gehoorsaam word en mits jou eie gesin of volk nie 'n hoër *prioriteit kry as jou verbondslojaliteit teenoor* God nie. (Luk 8:19-21,11:27-28, 12:49 e.v.) Ongelukkig is *dit wat* so dikwels in Afrikanergeledere gebeur het.

**2. Die praktyk van etniese geografiese skeiding.**

Twee belangrike aspekte van apartheid is die residensiële skeiding in dorpe en stede en die "groot apartheid"-mikpunt van die verdeling van die land tussen die etnies-kulturele groepe. Wêreldwyd vind geografiese en stedelik-residensiële skeiding plaas in twee vorme:

- deur 'n natuurlike proses waardeur mense verkies om in areas of buurte te woon saam met mense van hul eie taal en/of kultuur, en
- deur wetgewing wat sekere etniese residensiële buurte en geografiese areas voorskryf.

Apartheidsdenkers het kennis geneem van die natuurlike sosiologiese verskynsel van etnies-kulturele residensiële segregasie in alle multi-etniese lande, selfs waar geen wetlike dwang van owerheidskant daartoe bestaan nie. Lank voordat afsonderlike woongebiede met soveel ywer afgedwing is in Suid-Afrika in die sestiger-en sewentigerjare, was daar (soos onder die Swart volke in Suid-Afrika) ook by Afrikaners en Anglo-Suid-Afrikaners gewoonlik die voorkeur om in woonbuurte wat hul eie kultuurkarakter dra, te woon. Die doel van wetlike afgedwingde stedelike skeiding in die apartheidstelsel was tweeledig.

Dit sou elk van die Suid-Afrikaanse volke toelaat om sy eie groepsidentiteit, eie taal en eie waardes te behou en uit te leef sonder groot wrywing. Tweedens wou dit die assimilasie van

mense uit die Swart volke met die Afrikaanse en Engelse groepe verhoed. In hierdie opsig was stedelike skeiding 'n vereiste indien die ideaal van "groot apartheid" -verskillende volke in verskillende tuislande in Suid-Afrika - werklikheid moes word. Die vrees het onder Afrikaners bestaan dat toenemende stedelike integrasie uiteindelik sou lei tot 'n verlies aan politieke selfbeskikking onder God ("knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry") en uiteindelik die verlies van hulle eie (in groot mate verchristelikte) kulturele identiteit.

'n Geografiese verdeling van Suid-Afrika in 'n verskeidenheid van etnies-homogene tuislande ("groot apartheid") was die belangrikste politieke ideaal van apartheid. Na 1948 het Afrikaners gevrees dat etniese vreemdes weer (soos voor die Anglo-Boere-oorlog) met hul aandrang op politieke seggenskap, die Afrikaner se swaar verworwe selfbeskikking in gevaar sou stel. Om binne 'n onverdeelde Suid-Afrika stemreg aan volke te gee wat nie die Afrikaner se Westerse afkoms en waardes gedeel het nie, sou - so is gevrees - noodwendig lei tot die bedreiging van die Afrikaner se materiële en geestelike eiendom. Om hulle vryheid van vreemde oorheersing te beskerm, het Afrikaners begin om die etniese warboel wat deur die Britse dominasie van die subkontinent vanaf 1806-1948 nagelaat is, te ontrafel. Die visie het gestalte gekry om die land in 'n aantal (uiteindelik onafhanklike) eentalige Afro-etniese tuislande te verdeel.

Deur 'n verskeidenheid van owerheids-maatreëls, onder andere die gehate "paswette", is probeer om die swart werkers wat in toenemende getalle na die groot stede gestroom het, in hulle tradisionele etniese geografiese tuistes te hervestig waar hulle ook volle politieke regte sou geniet. Daar is gehoop dat hierdeur ook die probleme van kulturele disintegrasie en sosiale losbandigheid wat onder Swart volke deur die skielike verstedeliking veroorsaak is, ondervang sou word. In die oorblywende deel van die land sou Afrikaners en hulle Anglo-Suid-Afrikaanse landgenote hulleself regeer. Hierdie strategie het haalbaar gelyk in die vyftiger- en sestigerjare maar die eksponensieel groeiende Afro-etniese bevolkingsgroei het teen die jare sewentig 'n skadu daaroor laat val.

**Omdat die regerende Afrikaners van die Nasionale Party aan 'n geheel onbybelse interpretasie van wat die Skrif oor die aard, rol en funksie van die regering leer, vasgehou het, het hulle uiteindelik die wrange vrugte van hulle sosialisme moes smaak.**

In 1901, teen die einde van die Anglo-Boereoorlog, het die getalle van die inheemse Swart volke saam sowat 3 000 000 uitgemaak teenoor die gekombineerde aantal Afrikaners en Anglo-Suid-Afrikaners van 1 000 000. In 1948 het die Afro-etniese bevolkingsyfer verdriedubbel tot 9 000 000. Dit het steeds hanteerbaar gelyk in vergelyking met die ongeveer 2,75 - 3 miljoen Suid-Afrikaners van Westerse afkoms op daardie datum. Maar teen die tagtigerjare het die regerende Afrikaners hoop opgegee dat die strategie ooit sou kon slaag met 'n bevolkingsverhouding van 40 miljoen tot 5 miljoen! Die krisis vir die tuislandbeleid was dat die hervestiging nie vinnig genoeg kon geskied nie vanweë 'n anti-Christelike ekonomiese stelsel wat ekonomiese groei in die etniese tuislande gedwarsboom het.

Verder was 'n Bybels verantwoordbare stelsel van beheer nie afdwingbaar nie vanweë die massiewe bevolkingsgroei van die Swart volke en die feit dat die lappieskombers-tuislandgebiede (buiten 'n aantal belangrike uitsonderings) nie geografies gekonsolideerd was nie. En laastens is die konsolidasie van die tuislandgebiede bevorder deur die onbybelse metode van onteiening van grond en die gebruik van geld wat van belastingbetalers afgeneem is om parasitiese tuisland-burokrasieë in stand te hou. Wat na die mening van hierdie skrywer moes gebeur het, is die herafbakening van grense, die verlening van volle onafhanklikheid sonder inmenging, en die onttrekking van alle burokratiese geldelike hulp. Botswana,

Swaziland en Lesotho is voorbeelde van Suider-Afrikaanse etniese tuislande wat buite die apartheidsbedeling op hierdie manier suksesvol tot stand gekom het.

Omdat die regerende Afrikaners van die Nasionale Party aan 'n geheel onbybelse interpretasie van wat die Skrif oor die aard, rol en funksie van die regering leer, vasgehou het, het hulle uiteindelik die wrange vrugte van hulle sosialisme moes smaak. Meer en meer belastinggeld is van hulle eie mense afgepers vir die sosiale opheffing van Afrikaners, en daarom het die drukkende skuldgevoel hulle gedryf om ook astronomiese bedrae te spandeer op die sosiale opheffing van die Swart volke in die voormalige Afrikaner- of Engelsgedomineerde stede. Dit was veral waar in die later jare van apartheid (1976-1992) toe die Nasionale Party desperaat probeer het om die buiteland tevrede te stel en 'n binnelandse ramp af te weer. Terselfdertyd is duisende miljoene Rande se belastinggeld spandeer aan die ontwikkeling van die etniese tuislande.

Ook hierdie proses was gedoem tot mislukking want alle ekonomiese aktiwiteite en die besit van grond en besighede in beide die tuislande en die Swart stedelike gebiede was so verstrik in burokratiese papierwerk, wetsvereistes en regulasies dat dit beskryf is as erger as in Oos-Europa. Hier was niks kapitalisties aan nie. Apartheid het vasgeval in 'n vorm van fascisme-sosialisme, soortgelyk aan die Noord-Amerikaanse en Europese ekonomieë waar 'n noue samewerking geskied tussen groot besighede en die Staat. Daarom kon die beleid wat die proses van Swart verstedeliking moes omkeer, net daarin slaag om ontelbare vreemdelinge van oral na Suid-Afrika se stede te lok met belastinggesubsidieerde mediese sorg, onderwys, geriewe, vervoer en behuising. Toe vryemark-beginsels ter elfderure in die middel 80's in 'n aantal van die tuislande se ekonomieë toegepas is, was dit te laat.

### 3. Die visie van etniese geografiese skeiding

Die visie van residensiële en geografiese apartheid het soos dag en nag verskil van die Anglo-Amerikaanse imperiale ideaal wat as sosiale bloudruk gedien het vir die 150 jaar van Britse oorheersing van die subkontinent. Vir die Brits-Suid-Afrikaanse kieser voor 1948 moes wetlike segregasie bloot 'n tydelike verskynsels wees. Die Britte, met hulle individualistiese ideologieë van Klassieke Liberalisme en Sosiale Demokrasie, het nie die "natives" gesien as lede van verskeie God-geskape etnies-kulturele volke nie maar as massas individue wat bloot opvoeding en kultuur kortkom. Hierdie groeplose individue kon miskien tydelik gesegregeer word ter wille van die gerief van die "beskaafde" Europese setlaars, maar hulle sou hopelik vroeër eerder as later opgevoed word om Britse gewoontes en standaarde te aanvaar, deur 'n proses van assimilasie in die Britse kultuur opgeneem word en uiteindelik dieselfde stemreg as die Suid-Afrikaners van Westerse afkoms geniet.

Anders as die Afrikaner se visie met sy Bybelse wortels, was hierdie 19de en vroeg 20ste-eeuse Britse imperiale ideaal gebaseer op 'n diep gesetelde etniese en rassistiese meerwaardigheidsgevoel wat tot vandag nog onder baie Anglo-Suid-Afrikaners aangetref word. Calvinistiese Afrikaners het, daarenteen, 'n baie eenvoudige en Bybelse begronding vir hierdie soort geografiese skeiding gehad. God het *"uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak",* hulle in spesifieke geografiese gebiede geplaas *("die grense van hulle woonplek vasgestel")* en aan elke volk 'n bewussyn van religieuse en kulturele (in gereformeerde terme: "verbondsmatige") solidariteit gegee (*"sodat hulle die Here kon soek...")* (Hand 17:26).

Hierdie verbondsmatige solidariteit word egter in die geval van heidense volke verdraai om 'n verbond met valse gode te sluit (vgl. Miga 4:5, Num.21:29, Jes. 10:10, 28:15 en 18, Ps. 96:5, Jer. 48:46). Paulus (Hand. 17:26) en Moses (vgl. Deut. 32:8) voer die verskynsel van afsonderlike volke terug na die gebeure by Babel (Gen. 10 en 11). Regsinnige teoloë in

Afrikanerkringe het tereg hierdie lang gedeelte in Genesis aan die outeurskap van Moses toegeskryf en dit uitgelê as betekenende dat toe die rebellerende mensdom by Babel geweier het om oor die hele aarde te versprei, hulle in opstand gekom het teen die Goddelike kultuurmandaat om oor die aarde te versprei en dit as God se onder-regeerders te onderwerp en daaroor te heers. Die rebellerende mensdom het uitdruklik die rede vir hulle ongehoorsaamheid bekendgemaak: "...sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie." Dit was openlike en onmiskenbare verwerping van hulle Skepper se duidelike en herhaalde bevel *"vermeerder en vul die aarde"* (Gen. 1:28, 9:1).

Vir Afrikaners wat geglo het dat God die verskillende etnies-kulturele groepe *van* die aarde gemaak het (Ps. 86:9) was dit eweneens antichristelike rebellie om al hierdie volke in een onverdeelde imperiale Staat te probeer verenig (vgl. Openb.13) met uiteindelik slegs een kultuur en taal (Engels).

### 4. Die visie van apartheid.

*4.1. Die Bybel was die standaard*

Apartheid was, ten minste in teorie, 'n poging om 'n Bybelse oplossing vir Suid-Afrika se volkere-vraagstuk te vind. Die burgerlike geloof wat die beleid onderlê het en as sement vir die samelewing moes dien, was uiterlik Christelik. Dat dit 'n onvolmaakte Christelike geloof was, is waar. Maar vandag word 'n onvolmaakte uiterlik Christelike burgerlike geloof vervang met 'n konsekwent humanistiese burgerlike geloof en word verwag dat dit beter resultate as apartheid sal lewer. Vandag is dit ironies dat die afvallige Afrikaner lustig meedoen aan die vertrapping van die beste wat sy Gereformeerd-Protestantse sosiale insigte aan die land kon bied en klakkeloos die goddelose humanistiese alternatief vir apartheid aanvaar.

Een van die grootste sondes van apartheid was die feit dat ander standaarde toenemend *naas* die Bybel gestel is. Die verval van die grootliks Christelike sosiale orde in Suid-Afrika het veral vanaf 1975 momentum opgebou. Die leidende Afrikaner denkers het, onder die aanslag van Barthiaanse mistisisme en Verligtings-skepticisme, pragmatisme ("kom ons wees realisties en dink wat die beste resultate in die praktyk sal bring") as hoogste norm aanvaar. Ook is daar toegelaat dat verskillende regstelsels vir die volke toegelaat is wat dikwels nie ooreengestem het met die Bybelse leer van reg en verkeerd nie. Dit was so goed as om die bestaan van verskillende gode te erken. Ongelukkig is daar ook vandag geen belydenis van die sonde van veelgodery en 'n terugkeer na die een ware God, een ware Bybelse reg en gepaardgaande onpartydige, gemeenregtelike regstelsel wat geld vir burger en vreemdeling tegelyk nie

*4.2. Burgerskap is verbondsmatig verstaan*

Apartheid het klem gelê op die ideaal dat burgerskap, soos in Israel, etnies-verbondsmatig moet wees. Vandag se Afrikaners het geval vir die humanistiese redenasie van die Franse Rewolusie dat burgerskap en die uitoefening van 'n politieke stemreg inherent aan die menslike natuur is. Afrikaners van vandag beleef die veronderstelling wat hulle altyd aanvaar het (hoewel nie altyd konsekwent uitgeleef nie), naamlik dat blote geboorte in 'n geografiese area mens nie outomaties tot burger maak nie, as verleentheid. Dit terwyl die Israeliete, selfs na vele geslagte, nooit in Egipte as burgers beskou is nie - ook nie die Kanaäniete in Israel nie, en, om maar 'n enkele moderne voorbeeld te noem, ook nie die Amerikaans-lndiaanse volke in die Amerikaanse konstitusie nie.

Die fout van Afrikaner Calviniste in die apartheidsjare wat geworstel het met die probleem van stemreg aan vreemdelinge was dat hulle nie hulle toevlug geneem het tot die regverdigheid van die Mosaïese wette om hulle te lei in hulle poging om hulle

onafhanklikheid en selfbeskikking onder God te beskerm nie. Die regverdigheid van die goddelike Wet sou hulle leer om etniese vreemdelinge toe te laat om in hulle etnies-verbondsmatige uitgebreide familie ingesluit te word *in die derde geslag* (vgl. Deut. 23:7-8), *met volle stemreg in die politieke vergaderings/liggame,* na belydenis van geloof (verseël deur die doop wat die besnydenis vervang het) en verbondsgehoorsame vereenselwiging met hulle nuwe wet, God en hulle nuwe taal en volk en toekoms (vgl. Rut 1:15-17, 2:11, 4:11).

Hulle het tereg ingesien dat die gedeeltes wat so deur humanistiese Christene misbruik word, byvoorbeeld *"In Christus* (d.w.s. in verbondsgemeenskap met die opgestane en gesalfde Koning van die nuwe skepping) *is daar nie meer Jood of Griek, slaaf of vryman, man of vrou nie"* in der waarheid beteken dat alle groepe gelyke toegang tot die genadetroon het, en **nié** dat alle geskape grense hiermee uitgewis word nie.

Maar... hulle kon hulleself nie sover bring om toe te laat dat swart- of bruinmense wat ware immigrante was (d.w.s. wat voldoen aan die soort vereenselwiging van Rut met haar nuwe volk), ingelyf word in die wye uitgebreide familie wat die volk/nasie daarstel nie. Dit was 'n gebrek aan Bybelse liefde soos deur die wet van God vereis. 'n Ander fout in hulle uitlewing van die burgerlike verbond deur Afrikaner Calviniste was dat hulle hulself nie sover kon bring om hulle eie ongehoorsame en rebelse kinders van die verbond af te sny nie. Daar was in Afrikanergeledere 'n totale verbrokkeling van verbondsgetroue kerke en burgerlike regeringsorde. Sonder die verbond soos gedefinieer deur die norme van die goddelike Wet as hulle standaard, het hulle gegryp na die mens se humanistiese standaarde en pluk hulle vandag nog die vrugte van hulle afdwaal van die Verbondsgod.

*4.3. Burgerskap is etnies verstaan*

Was rassisme 'n probleem in Afrikaners se begrip van die verbond? Ongetwyfeld, ja. Maar daarmee is die saak nie uit en gedaan nie. Ras, of velkleur, was 'n baie growwe *etniese* maatstaf voor die reg. Dit was 'n ongelukkige feit, want Afrikaners het in wese burgerskap as 'n etnies-verbondsmatige verhouding begryp. Volgens hulle Gereformeerde denke (maar weer eens, nie altyd konsekwent in hul uitlewing daarvan nie) het hulle hul eie volk as 'n verbondsvolk gesien binne die oorkoepelende eenheid van die nuwe mensdom in Christus (vgl. Jes. 19:23-25).

Afrikaners kon nie saamstem met die individualistiese vertrekpunte van die anabaptistiese Amerikaanse kultuur dat die Nuwe Verbond 'n beweging verteenwoordig vanaf die verbondsolidariteit van families en groepe na 'n blote individuele verhouding met God nie. Hulle het korrek ingesien dat die Nuwe Verbond alle soort mense insluit, en dat individue die koninkryk / Nuwe Jerusalem binnegaan met hulle regeerders en etniese identiteit (vgl. Ps. 2, 22:27 e.v., 67, 87, 97, Jes. 2:2 e.v., Rom. 15:7-12, Openb. 21:3, 21:24, 26, ens.) Maar omdat dit sake baie vereenvoudig het en ook met hulle vooroordele gestrook het, het Afrikaners dikwels 'n ongesofistikeerde rasse-klassifikasie (eerder as 'n meer gedifferensieerde etniese klassifikasie) op die Suid-Afrikaanse etniese mosaïek afgedwing ... met ongelukkige gevolge.

## 5. Die mislukking van apartheid.

Apartheid was, sou mens kon sê, 'n edel visie wat misluk het. Die apartheidsteorie het gefaal, nie omdat dit onregverdig was nie, maar omdat die Afrikaner in sy denke wat deur die Kuyperiaanse variasie van Hollandse Calvinisme oorheers is, min benul gehad het van 'n burgerlike regering beperk deur Bybelse reg. Die ondergang van die Afrikaner se poging tot 'n vreedsame etniese bedeling in Suid-Afrika was die volgende:

1. Afrikaner-regeerders het Artikel 36 van die Nederlandse en die teonome aantekeninge by die Heidelbergse Kategismus met die lippe bely maar met die daad geloën. Hulle het die belangrike insig verwerp dat burgerlike regering deur God ingestel is alleenlik om die

kwaaddoeners (soos deur Bybelse reg gedefinieer) te straf en die gehoorsames te beskerm (vgl. Rom. 13:2 e.v., 1 Pet. 2:13 e.v., Ps.72, Ps.82, Jes. 10:1-2 ens.).

Die Afrikaner van die twintigste eeu het in 'n Middeleeuse denkwyse vasgeval wat deur sekere Hollandse Calvinistiese denkers verkondig is en wat Romeine 13:4 verkeerdelik interpreteer as sou die burgerlike regering veronderstel wees om die "algemene belang" of die "gemene belang" te bevorder - amper iets soos die utilitaristiese "grootste geluk vir die grootste aantal mense."

Natuurlik is dit 'n geval van iets in die teks inlees eerder as om die teks uit te lê. Die "goeie" in Romeine 13 beteken, kontekstueel reg verstaan (vgl. Rom. 13:9-10, 7:12, 13, 16, 18, 19, 20-25), dit wat volgens die wet van God is, waaraan gehoorsaamheid vir mense groot seën inhou (vgl. Deut. 4:40, 5:16, 29, 33, 12:28).

2. Apartheid het misluk vanweë sosialisme.

3. Dit het misluk as gevolg van die disintegrasie van Bybelse moraliteit.

4. Dit het misluk omdat die Afrikaner bevolkingsgroei, reeds geknou deur die slagting in die Britse konsentrasiekampe, in die jare sewentig tot stilstand gekom het.

5. Dit het misluk omdat die leidende Calvinistiese Afrikaners geen konsekwent Bybelse eskatologie gehad het wat aan die volk 'n dinamiese hoop op die bekering van alle volke onder die Heerskappy van Koning Jesus (vgl. Ps. 2) as alternatief vir die Nuwe Wêreldorde se visie van 'n gesentraliseerde neo-Babel gebied het nie. Die eindtyd-leer wat onder meeste Afrikaners vaardig was, was variasies van amillenialisme en premillenialisme wat die Afrikanervolk soos 'n stadigwerkende virus lamgelê het. Uitgeteer deur hierdie pessimistiese eskatologieë neem hedendaags groot getalle nasate van die Godvresende Boere hulle toevlug tot werklikheidsontvlugtende Charismatiese sektes of tot algehele sekularisme.

6. In die laaste plek het Apartheid gefaal omdat die Reformasie se hoë waardering van die regverdigheid van die Bybelse reg heeltemal vergete geraak het. Bybelse reg sou vir teoloë, politici en regsgeleerdes 'n vaste en gedetailleerde standaard wees waarvolgens hulle die regverdigheid van wetgewing kon beoordeel. Sonder hierdie judisiële standaard het Afrikaner denkers klaaglik geswig voor die eensydige humanistiese kritiek van apartheid.

## 6. 'n Visie vir die toekoms.

Met al sy foute was apartheid 'n poging om die samelewing volgens 'n Bybelse visie in te rig. Wat Suid-Afrika nodig het in die plek van apartheid is 'n meer suiwere Bybelse visie - nie die onsuiwere onbybelse visie wat ons land tans begeester nie. Wat die Afrikaner en al die volke in Suid-Afrika nodig het, is:

1. 'n Terugkeer na die Bybelse begrip van die verbond waarin vroeë Afrikaners/Boere geglo het en 'n toepassing van die Gereformeerde verbondsleer in die familie-, kerk- en burgerlike regerings. Vanuit 'n regsinnige teologie van die verbond kan 'n gesonde lewens- en wêreldbeskouing ontwikkel.

2. Verder is dit dringend noodsaaklik dat Christene in Suid-Afrika terugkeer na 'n Bybelse sendingsvisie. Hulle moet begin glo en optree op grond van die feit dat Jesus as Koning opgestaan het en op hierdie oomblik in heerlikheid sit op die hemelse troon nadat Hy sy werk wat tot ons regverdigmaking lei, volbring het. Hy is nou besig om deur sy heiliges te werk om alle volke, stamme en tale in die Hemelse Jerusalem te versamel voor die Wederkoms. Dit sal aan die verskillende volke 'n visie gee om 'n Goddelike kultuur te (her)bou en om dissipels te maak van naburige volke.

3. In die derde plek is dit wesensbelangrik dat alle volke in Suid-Afrika die universele

geregtigheid van die Mosaïese siviele wette wat in die *Drie Formuliere van Eenheid van* die Gereformeerde kerke gevind word, sal (her)ontdek. Dit sal 'n kragtige middel en standaard in hulle hande plaas vir die opbou van hulle kultuur oor toekomstige geslagte sonder sosialisme en sonder ongeregtigheid.

4. Laastens, is die skrywer van hierdie artikel van mening dat 'n vreedsame etniese skikking in Suid-Afrika bereik kan word deur die proses van verdeling van die Suid-Afrikaanse eenheidstaat (wat maar die produk is van die Empire-ideaal ) voort te sit wat in 1948 deur die Nasionale Party volgens Kuyperiaans Sosiaal Demokratiese metodes begin is - hierdie keer op regverdige en konsekwente wyse. Wie ookal daarin 'n rol speel moet gebruik maak van die Bybelse "vreemdelingswette" en die beginsels van 'n ekonomie gebaseer op private eiendomsbesit. Die toepassing van die implikasies van die verbondsleer op kwessies soos burgerskap en stemreg en 'n hoë agting vir die relevante Bybelse judisiële voorskrifte soos die "vreemdelingswette" sal alle volke in Suid-Afrika net tot heil strek!